| Centre Number | Candidate Number | Name |
|---|---|---|
| | | |

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02, 0556/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2003

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.
No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen in the spaces provided on the Question Paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou Sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

If you have been given a label, look at the details. If any details are incorrect or missing, please fill in your correct details in the space given at the top of this page.

Stick your personal label here, if provided.

| For Examiner's Use | |
|---|---|
| **Part 1** | |
| **Part 2** | |
| **Part 3** | |
| **TOTAL** | |

This document consists of **18** printed pages and **2** blank pages.

SP (SLC/KN) S44388/3
© MBESC Namibia 2003

University of Cambridge Local Examinations Syndicate

**Afdeling 1**

**Oefening 1: vrae 1–5**

Lees die volgende inligting oor voëls en beantwoord vrae 1–5.

# Interessante Voëlfeite

Daar is ongeveer 8600 voëlspesies en hulle lewe in, op en bo omtrent enige oppervlak van die aarde, behalwe in die diepste oseane. Alhoewel voëls in vorm, grootte en kleur verskil, is die karakteristieke eenheid tussen voëls hulle vere. Dit is wat voëls uniek maak. Geen ander lid van die diereryk het vere nie.

Die pikkewyn en die kiwi is twee voorbeelde van voëls wat nie kan vlieg nie. Pikkewyne gebruik hul vlerke om mee te swem.

Die Afrika volstruis is met sy 2.5 m hoë liggaam van tot 13,5 kg die grootste lewende voël. Alhoewel hy nie kan vlieg nie, is hy die vinnigste kreatuur op twee bene en hy kan tot 70 km/h hardloop.

## Hoe kan voëls vlieg?

Omtrent elke deel van ‘n voël se liggaam is ontwerp vir vlieg. Hulle vlerk- en liggaamsvorm is vaartbelyn en die beenstruktuur is lig. Omdat vlieg baie energie verg, is voëls se longe uiters effektief en hul spysverteringstelsel is in staat om energie baie vinnig uit voedsel vry te stel.

## Waarom word voëls nie moeg wanneer hulle vlieg nie?

Voëls gebruik baie energie om hul vlerke te klap. Om energieverbruik te verminder, is daar verskillende maniere van vlieg, soos seil en sweef, waartydens die vlerke nie geklap word nie. Wanneer ‘n voël sy vlerke moet klap, soos in ‘n skielike opstyg, verseker die spesiale asemhalingstelsel dat ekstra en groot hoeveelhede suurstof vrygestel word.

## Het jy geweet?

Die volstruis lê die grootste eier van alle voëls.
Die kleinste voëltjie is die bykolibrie van Kuba, wat minder as 1,6 g weeg.
Die wêreld se vinnigste dier is die voël. Een soort lewerik kan tot 300 km/h in ‘n duikvlug behaal.

Die Arktiese swael is die kampioen langafstand-vlieër.
Tydens migrasie vlieg hulle dwarsoor die aarde en weer terug.

***(Vertaal uit: Encyclopedia of Questions and Answers – Kingfisher)***

For Examiner's Use

**1** Waar op aarde sal jy geen voëls aantref nie?

.......................................................................................................................................[1]

**2** Noem **drie** soorte voëls wat nie kan vlieg nie.

.......................................................................................................................................[1]

**3** Hoe is ‘n voël se beenstruktuur aangepas vir vlieg?

.......................................................................................................................................[1]

**4** Waar word die kleinste voëltjie op aarde gevind?

.......................................................................................................................................[1]

**5** Watter voël vlieg die verste op aarde?

.......................................................................................................................................[1]

[Totaal : 5]

**Oefening 2: vrae 6–10**

Lees die onderstaande teks en beantwoord vrae 6–10 deur ‘n regmerkie (✓) te maak in die blokkie langs die korrekte antwoord.

# Die geel sambreel

## Was dit intuïsie wat haar daardie oproep laat maak het?

Nou, twee jaar later, dink sy met dankbaarheid terug aan daardie dag toe sy sonder om te dink alles wat vir haar kosbaar was aan ‘n wildvreemde man toevertrou het …

Dit was die kalm selfvertroue in sy stem wat haar gerusgestel het. “Sekerlik dame, u motor en huisinhoud is onmiddellik verseker. En indien u sou eis, waarborg ons om dit so gou as moontlik uit te betaal.”

Haar hart het skielik vinniger geklop. Iets omtrent die baritonstem het haar met berusting vervul. Of het sy maar net na vastigheid gesmag ná al die terugslae wat sy as enkelma in die stad moes verduur? Sy antwoorde op haar vrae het haar vrese soos mis voor die son laat verdwyn. En sommer so, oor die foon, het sy alles verseker wat sy besit. Teen ‘n aansienlik laer premie as wat sy verwag het.

Maar die vriendelike stem het iets in haar wakker gemaak, haar onkant betrap. Wat was dit? Sedert Danie se dood het sy nog nooit weer in mans belanggestel nie. Haar net in haar werk en kind verdiep. Maar die lewe gaan voort en Ansie het spoedig van die stem vergeet. Tot dié skokkende dag …

Alles was in ‘n warboel. Die booswigte het duidelik oorgenoeg tyd gehad om hul rooflus te les. Laaie oral oop, die inhoud op die vloere uitgegooi, al haar elektriese toerusting weg, selfs Linkie se kosbare rekenaar – haar pa se laaste geskenk. Vervaard het sy uitgestorm garage toe. “Tog net nie my motor nie!” Maar die motorhuis was leeg. Ag, was dit tog maar háár beurt vir die ryklub!

Sy’t op die sitkamervloer neergesak, die lewe skielik te veel vir haar, en in trane uitgebars. “Danie, Danie, waar is jy nou dat ons jou die nodigste het?” het sy hardop gesnik. “Hoe gaan ons ooit die mas opkom? En Linkie se verjaardag is net om die draai …”

Deur die trane het haar oog skielik op haar Santam-polisdokument geval waar die rowers dit ongeërg neergegooi het. Santam? Die geel sambreel? Die gawe man met die baritonstem? Mnr. De Ridder, het sy verdwaas onthou.

Gelukkig was die foondrade nie geknip nie, en nee, sy wou met niemand anders as mnr. De Ridder praat nie. Waarom weet sy nie, maar sy’t net geweet hy sal verstaan en haar help.

Toe die strelende stem op die lyn kom, het sy opnuut in trane uitgebars. Die man van Santam het geluister, besonderhede geneem en onderneem om dadelik werk te maak van haar eis.
Wat hy ook gedoen het. Want dit was binne dae afgehandel en amper vinniger as wat dit Ansie geneem het om tot verhaal te kom, het sy ‘n tjek vir die volle versekerde waarde van haar verlore besittings ontvang. En kon Linkie haar verjaardagpresent op haar nuwe rekenaar inwy.

Oënskynlik was dinge nou weer normaal, maar ‘n dankbare Ansie het besluit om haar ridder te beloon. Met haar bobaas-wortelkoek, versier met ‘n geel sambreel.

Maar sê nou hy’s getroud? Iets in haar (intuïsie) wou egter na geen voorbehoud luister nie en sy’t dadelik die koek persoonlik in haar nuwe motor afgelewer. ‘n Kordaatheid waaroor sy lewenslank dankbaar sou wees. Want Dirk, dol oor Ansie, versot op die koek en man van die daad het haar daar en dan om haar hand gevra en van lewenslange bystand verseker.

En om te dink, mymer Ansie terwyl sy Dirkie jnr. in sy wiegie neerlê, dit het alles met ‘n foonoproep begin …

***Santam Advertensie***

For Examiner's Use

**6** Watter soort werk het die “wildvreemde man” gedoen?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Hy was ‘n raadgewer. |
| **B** | | Hy was ‘n predikant. |
| **C** | | Hy was ‘n assuransie-agent. |
| **D** | | Hy was ‘n misdadiger. |

[1]

**7** Wie was Danie?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Ansie se oorlede man. |
| **B** | | ‘n Goeie vriend. |
| **C** | | Haar vervreemde man. |
| **D** | | Een van die booswigte. |

[1]

**8** Waarom het die lewe skielik te veel vir Ansie geraak?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Sy was ‘n enkelouer. |
| **B** | | Daar was ‘n inbraak by haar huis. |
| **C** | | Linkie se pa het vir haar ‘n rekenaar gegee. |
| **D** | | Ansie het na Danie gesoek. |

[1]

**9** Wat was mnr. De Ridder se naam?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Danie |
| **B** | | Santam |
| **C** | | Dirkie jnr. |
| **D** | | Dirk. |

[1]

**10** Waarom het Ansie die koek met ‘n geel sambreel versier?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Sy is baie kreatief. |
| **B** | | Geel is haar gunsteling kleur. |
| **C** | | Mnr. De Ridder hou van sambrele. |
| **D** | | Dit is die logo van Santam. |

[1]

[Totaal : 5]

**Oefening 3: vrae 11–15**

Lees die onderstaande artikel oor die gebruik van kruiemiddels en beantwoord vrae 11–15.

# Kruie hou risiko in met operasies

‘n VERSKEIDENHEID kruie en selfs sommige vitamines kan ernstige probleme in operasiesale veroorsaak, iets wat neig om deesdae al hoe meer algemeen te raak.

‘n Reeks kruie-aanvullings – van die gewilde St. John-wortel en ginko biloba tot knoffel, gemmer, ginseng en selfs vitamine E – kan verhoogde bloeding tydens operasies veroorsaak, waarsku dr. Philip Miller, ‘n kliniese assistent-professor by New York se Universiteitskool vir Medisyne.

Dit is nie net tydens die operasie ‘n risiko nie, maar kan ook later tot komplikasies lei. Pasiënte in die operasiesaal bloei net so wanneer hulle aspirine gebruik het,” sê dr. Miller. Dokters waarsku pasiënte gereeld om nie aspirine te drink voor ‘n operasie nie omdat dit bloedstolling verhinder.

Kruie word as ‘n reël nie deur dokters voorgeskryf nie en die meeste mense ag dit ook nie as ‘n medisinale middel nie.

Kruie en vitamines het ‘n invloed op die werking van die liggaam, en nie altyd op ‘n positiewe manier nie, veral wanneer dit by chirurgie kom, sê die dokter.

Ginko biloba, wat mense gebruik om hul geheue te verbeter, kan spontane bloeding veroorsaak. Dit meng ook in met die liggaam se bloedstollingsproses.

Mense wat ‘n operasie moet ondergaan, word gewaarsku om nie riskante middels ten minste twee weke voor die tyd te neem nie.

“Dit is ‘n goeie idee om die inneem van alle middels, insluitend kruie, te staak voordat ‘n operasie ondergaan word,” sê Mindy Green, direkteur van die Kruienavorsingstigting. “Selfs sommige kossoorte kan met medikasies inmeng en bloeding veroorsaak.”

***(Die Republikein : Donderdag 7 Mei 2001)***

For Examiner's Use

**11** Tot watter **twee** probleme kan die gebruik van kruie en sommige vitamines by pasiënte lei?

**(i)** ..........................................................................................................................

**(ii)** ..........................................................................................................................
[2]

**12** Wat kan gebeur wanneer 'n pasiënt aspirine voor 'n operasie drink?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................[1]

**13** Haal 'n sinsdeel uit die leesstuk aan om te bewys dat mense nie kruiemiddels as medisyne sien nie.

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................[1]

**14** Noem een voordeel en een nadeel van Ginko biloba.

Voordeel: ..........................................................................................................

Nadeel: ..........................................................................................................
[2]

**15** Wat kan 'n pasient doen om probleme te voorkom voor 'n operasie?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................[2]

[Totaal : 8]



[Turn over

## Afdeling 2

**Oefening 1: vrae 16–21**

Lees die onderstaande artikel oor Kasjmir en beantwoord vrae 16–21.

### KASJMIR
**Romantiese vallei in die Himalaja**

Kasjmir is die juweel van die Himalaja met sy kristalhelder mere en sneeubedekte bergpieke.

Politieke geweld het die pragtige streek die afgelope dekade ontsier. Pakistan wil graag hul mag na die vrugbare Kasjmirvalleie uitbrei. Indië weier egter om bes te gee, al verskil dié oorwegend Moslemstaat in baie opsigte van die Hindoekultuur in die res van Indië.

Dit is menigte toeris se droom om die son oor die Himalaja te sien opkom. Op die lughawe in Srinagar moet alle buitelanders hul aankoms registreer.

Gedurende die Britse heerskappy het die Engelse graag na Kasjmir ontsnap as die hitte elders in die snikhete land te versengend geraak het. Hulle wou graag hier permanente vakansiehuise inrig, maar die wet het buitelanders nie toegelaat om grond te besit nie. Die Britte het met 'n vindingryke plan vorendag gekom: private huisbote, wat onder die bome, soos wilgers en populiere, op die Dal- en Naginmeer voor anker lê. Wanneer jy die vallei se besienswaardighede en skoonheid wil ontdek, besef jy die Indiese grensmagte is steeds oral. Waar jy ry, is daar padblokkades waar motoriste moet uitklim sodat die voertuig en sy passasiers deurgesoek kan word. Vroue word in 'n aparte tent deur 'n vroulike beampte in tradisionele Moslemdrag deurgesoek.

**(Verwerk uit: Rooi Rose, 7 Julie 1999)**

**16** Watter bekende bergreeks sal jy in Kasjmir vind?

..................................................................................................................................[1]

**17** Waarom veg Pakistan en Indië al tien jaar lank oor die Kasjmir-gebied?

..................................................................................................................................[1]

**18** Wat is die naam van die grootste godsdiensgroep in Kasjmir?

..................................................................................................................................[1]

**19** Wat is die naam van die eerste plek in Kasjmir waar toeriste aankom?

..................................................................................................................................[1]

**20** Van watter Europese land was Kasjmir vroeër 'n kolonie?

..................................................................................................................................[1]

For Examiner's Use

**21** Beskryf die pragtige natuurskoon van Kasjmir in nie meer as 50 woorde nie.

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................[5]

[Totaal : 10]

**Oefening 2: vraag 22**

Lees die volgende artikel oor aborsie en maak 'n opsomming van nie meer as **70 woorde** nie oor die gevolge wat 'n aborsie moontlik op sommige vroue kan hê.

# Aborsie nie al uitweg

**Deur Lydia van der Merwe**

'n Vrou wat 'n aborsie as 'n kitsoplossing beskou, besef nie dat sy haarself uiteindelik baie leed op die hals haal nie. Dikwels word die besluit oorhaastig geneem.

Volgens Riekie van den Berg en Marita Ferreira by die Neo Birth Swangerskapkrisissentrum in Pretoria moet 'n vrou wat 'n aborsie oorweeg 'n ingeligte keuse maak, en besef daar is mense wat by haar staan. "Ons verskaf al die inligting oor 'n aborsie. Soos watter soorte daar is en watter gevolge dit emosioneel en fisiek kan hê."

Aborsies vernietig verhoudings – tussen die ma en kind, die kind se ouers (90% gaan na die aborsie uitmekaar), die vrou en haarself en die vrou en God.

"Maar ons bespreek ook alternatiewe: enkelouerskap en aanneming. Ons wil niemand manipuleer nie. Ons wil net sê: dink goed. Moenie 'n aborsie kies net omdat dit wettig en gratis is nie. Die vrou wat op die aborsie besluit, besef nie wat dit aan haar gaan doen nie. Een vrou het gesê dit is makliker om die baarmoeder skoon te maak as jou gewete: Wanneer dit verby is, voel jy verlig. Jy kan met jou lewe aangaan. Maar daarna kom die skok."

Eers is sy kwaad vir die dokter, haar ouers, die biologiese pa, vir die Here. Daarna kom die selfverwyt en gevoel van verlies. Sielkundige probleme kan ontwikkel: 'n lae selfbeeld, depressie, selfmoordneigings, nagmerries, kindermishandeling, eetversteurings, alkoholprobleme.

Riekie sê: "'n Vrou is geskape met 'n natuurlike beskermingsdrang teenoor haar kind. Haar omstandighede kan so erg raak dat sy dit onderdruk. Maar na die aborsie is daar altyd 'n gevoel van verlies. En daardie gaping word nooit gevul nie, al het sy later nog kinders."

'n Aborsie kan ook fisieke probleme veroorsaak. Soos onvrugbaarheid, doodgeboortes, infeksies en buisswangerskappe.

"Daar word gesê met die wettiging van aborsies is 'n lansie vir vroueregte gebreek, maar aborsies steel vroue se vrugbaarheid en emosionele sekuriteit. Dit is 'n aggressiewe daad teen die vrou se liggaam en is lynreg teen die natuur. Haar siel word in die proses uitgesuig."

***(Verwerk uit: Sarie, 7 Mei 1997)***

For Examiner's Use

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[8]

**Oefening 3: vraag 23**

Lees die artikel oor Victor Vermeulen en maak 'n opsomming van ongeveer **100 woorde** van aspekte / punte wat Victor Vermeulen gebruik om mense te motiveer. Gebruik die inligting in die artikel, maar skryf dit in jou eie woorde.

# OORWINNAAR



Maggie Keebine, Victor en sy ma, Isabella.

**Victor Vermeulen (27) se lewe het op 5 November 1992 met 'n tragiese duikongeluk handomkeer verander.**

Sy ma, Isabella, en hul huishulp, Maggie Keebine, kam sy hare en borsel sy tande. Saans moet hulle hom in die bed sit en elke vyf uur omdraai sodat hy nie bedsere kry nie.

Vroeër was Victor een van die voorste nuwelingkolwers in die Transvaalse krieketspan. Vandag gee Victor ander mense moed vir die lewe. Hy is 'n motiveringspreker wat die land vol reis. Hy wil dit ook eendag internasionaal doen.

Einde verlede jaar het hy 'n boek gepubliseer, *The Victor Within*, met Jonathan Ancer as medeskrywer en 'n voorwoord deur oudpresident Nelson Mandela en die kwadrupleegakteur Christopher Reeve. Laasgenoemde skryf onder meer mens het twee keuses as 'n krisis jou tref: jy kan óf moed verloor, óf, soos Victor, kies om nuwe hoogtes te bereik en jou eie kragte dieper te ontgin.

"Min mense besef wat ek elke dag moet deurgaan. Waar ek vroeër vyf tot ses aktiwiteite met gemak kon doen, moet elke detail van my lewe deesdae haarfyn beplan word."

Mense kom na hom toe as hulle "af" is. As hulle weggaan, voel hulle beter omdat hy soveel meer probleme as hulle het.

Hy glo positiewe denke is harde werk. "Jy word nie net een oggend wakker as Mnr. Positief nie. Dis 'n lang proses, 'n lewenskeuse. Ek probeer daagliks 'n doel vind om te bly leef."

Die afgelope drie jaar het hy al heelwat mense se lewens geraak. 'n Skoolkind wat wou selfmoord pleeg, het ná een van sy praatjies besluit die lewe is tóg die moeite werd.

"Ek leer mense om te fokus op wat hulle hét en daarop voort te bou, eerder as om te tob oor wat hulle nié het nie."

Hy glo die samelewing het mense te gewoond gemaak aan kitsoplossings.

"Die lewe werk nie so nie. Ek besef al hoe meer hoe hard mens moet werk om iets te bereik. Dit help my ook om beter te voel as ek weet ek kan ander help. Mense is so geneig om net te wil hê en nie te wil teruggee aan die samelewing nie." Hy is ook dikwels onthuts oor die moderne mens se beheptheid met skuld.

"My geld-leuse is: as ek iets nie kontant kan koop nie, kan ek dit nie bekostig nie."

Victor sê hy bewonder gewone mense. Nie noodwendig bekendes nie, maar dié wat ondanks swaarkry die lewe vierkantig in die oë kyk en aangaan.

"Volwassenheid het niks met ouderdom te make nie. Almal kry geleenthede om te groei. Dis net jammer almal gebruik dit nie."

Blootstelling aan die delikate samestelling van die menslike siel is maar een van die dinge wat sy werk as motiveringspreker so interessant maak, sê hy. Ook om die humor in situasies te sien, help hom baie. Lekker kos, 'n biertjie en om ander te sien lag, maak hom gelukkig.

Sy brein is altyd besig. Hy kan nie bekostig om in 'n hopie op te krul en homself jammer te kry nie.

"Glo my, daar's baie dinge waaroor ek miserabel kan voel, maar ek durf nie myself toelaat om in ellende te verval nie."

Hoewel hy soms kwaai gefrustreerd is deur sy fisieke gebreke, is dit asof dansmusiek dadelik sy gemoedstemming verbeter.

"Ek hou van sinvolle dinge. Na my ongeluk het my prioriteite baie verander. Vandag besef ek hoe kosbaar 'n mens se gesondheid is – dit maak jou vry, nie geld nie."

"Ek probeer mense oortuig dat almal spesiaal is. God het elkeen uniek geskape, met 'n doel."

Min het sy ouers geweet toe hy gedoop is, presies hoé gepas die naam Victor sou wees, … 'n ware oorwinnaar.

***(Verwerk uit: Sarie, 27 Junie 2001)***

*For Examiner's Use*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.....................................................................................................................................[8]

## Afdeling 3

**Oefening 1: vraag 24**

Word daar té veel geld aan mishandelde diere bestee? Moet ons nie liewer die geld gebruik vir kos en behuising vir die duisende arm mense in ons land nie? Maar wat dan van al die mishandelde en rondloperdiere?

Nadat jy die onderstaande advertensies in die plaaslike koerant gesien het, besluit jy om'n brief aan die koerant te skryf waarin jy jou standpunt oor die gebruik van geld vir mishandelde diere in plaas van behoeftige mense stel. Die inhoud van jou brief moet **150–200 woorde** beslaan.
Let wel: 'n Adres is nie nodig nie.

**DOODSBERIG**

In tere herinnering aan ons dierbare vriende: Jack, Russell, Rover, Fifi, Max, Spot en Lassie. As gevolg van 'n gebrek aan spasie en onvoldoende fondse moes hulle sterf op 01-12-01.

**WIE GEE OM?**

Die N.A.P.A.E. gee om.
Ondersteun asseblief die N.A.P.A.E.
Redding- en Rehabilitasiesentrum
vir perde en donkies.

U bydrae van R/N$25 / R/N$50 / R/N$100
kan gepos word na:
Posbus 11662, Klein Brak

For Examiner's Use

[12]



[Turn over

For Examiner's Use

**Oefening 2: vraag 25**

Jy het onlangs 'n konsert bygewoon. Skryf 'n verslag daaroor vir jou skoolkoerant. Gee aan die volgende punte aandag:

- Sê watter soort konsert dit was / wie opgetree het;
- Beskryf die gehoor en hulle reaksies;
- Gee jou eie indruk / opinie van die konsert;
- Sê of jy dink ander mense die konsert moet bywoon en waarom / waarom nie.

Jou verslag moet ongeveer **150–200 woorde** beslaan.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[16]

BLANK PAGE

**Oefening 3: vraag 26**

Nadat jy die onderstaande advertensie in ‘n plaaslike koerant gesien het, het jy besluit dit het tyd geword dat jy jou standpunt moet lug. Skryf ‘n artikel van **150–200 woorde** vir jou skoolkoerant waarin jy verduidelik waarom mense beter vir ou mense moet sorg – hulle is immers die mense wat gesorg het dat ons vandag is wat ons is.

# KINDER-MISHANDELING SLAGOFFER

## *pleit om hulp.*

“My kinders het my so 10 jaar gelede in die steek gelaat. Hulle het vir ‘n rukkie geld gestuur, maar dit het lank terug gestop.

Hulle het twee keer vir my ‘n kerskaartjie gestuur, maar hulle het nooit ‘n adres bygesit sodat ek kon terugskryf nie. Ek is 81 jaar oud en het nêrens anders om heen te gaan nie.”

For Examiner's Use

[12]

**BLANK PAGE**